

Saterdag 26 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 16

Fokusgedeelte: Psalm 16

Wedergeboorte – opgewek tot 'n lewe van blydschap

Ons kan met redelike sekerheid sê dat Dawid hier in 'n moeilike situasie verkeer. Tog hoor ons nie 'n klaaglied nie, maar 'n vreugdelied waarin hy erkenning aan God gee vir die mooi dinge wat hy ontvang het.

Hoe is dit moontlik dat iemand in nood God kan prys vir die mooie? Hoe kan dit wees dat ons in tye van droogte, in tye van siekte wat nie wil wyk nie, in 'n land wat minder en minder geleenthede vir werk bied terwyl ons kinders buiteland toe trek, steeds die vreugde en mooi van die lewe ervaar?

'n Belangrike gedagte uit hierdie Psalm is sekerlik Dawid se verklaring van afhanklikheid teenoor God. Beskerm my. Ek skuil by U. Ek behoort aan U. U is my lewe. U sorg vir my. U leer my hoe om te lewe. In sy moeilike omstandighede weet Dawid waar sy krag lê, Wie sy hoop is en by Wie Hy veilig is.

Verskuil in sy verklaring van afhanklikheid voor God, is ook 'n belydenis: *Here, ek kan nie self nie*. Alhoewel hy terugverlang na die beloofde land, weet hy dat sy hulp nie in die land self lê nie.

Ek en jy moet saam met Dawid in vers 5 erken: “Here, U is my lewe/erfdeel”, en in vers 6 dat dit wat vir ons afgemeet is, vir ons mooi is.

Is jou belydenis dat God self jou erfgrond is? Is die Here werklik jou lewe (vs 5)? Mag sy genade en die blydschap in Hom vir jou genoeg wees. Daar is groot blydschap in die feit dat dinge nie sommer maar toevallig is nie. Hy maak ons nuut! Jy behoort aan Hom. Wees bly!

Sing: Psalm 16-1:3

Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)